Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 555 Cape Town, Kaapstad, 19 September 2011 **No. 34620**

THE PRESIDENCY

No. 775 19 September 2011

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 15 of 2011: Basic Education Laws Amendment Act, 2011

DIE PRESIDENSIE

Nr. 775 19 September 2011

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Nr. 15 van 2011: Wysigingswet Op Wette Op Basiese Onderwys, 2011

9 771682 584003 34620

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ]	Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
_____	Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 15 September 2011)

ACT

To amend—

- *** the National Education Policy Act, 1996, so as to amend or delete certain definitions;**
- *** the South African Schools Act, 1996, so as to amend certain definitions and to define "loan"; to provide for consultation with the Minister of Finance before uniform minimum norms and standards are determined; to ensure that there is no unfair discrimination in respect of official languages; to provide for the imposition of a suitable sanction if an appeal by a learner who had been expelled from a public school has been upheld by the Member of the Executive Council; to provide for public schools that provide education with a specialised focus on talent; to provide for additional functions of a principal of a public school; to provide for the training of governing bodies by recognised governing body associations; to prohibit political activities during school time; to empower the Member of the Executive Council to identify additional schools that may not charge school fees; and to further regulate the liability of the State for certain damages;**
- *** the Employment of Educators Act, 1998, so as to amend certain definitions; and to regulate afresh the application of the said Act;**
- *** the South African Council for Educators Act, 2000, so as to amend certain definitions; to empower the council to manage a system for the promotion of the continuing professional development of all educators; and to provide the council with funding from money appropriated by Parliament; and**
- *** the General and Further Education and Training Quality Assurance Act, 2001, so as to amend certain definitions;**

and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 27 of 1996

1. Section 1 of the National Education Policy Act, 1996, is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of "Director-General" of the following definition:

" **'Director-General'** means the Director-General: Basic Education;";

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ]	Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
_____	Woorde met ’n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 15 September 2011)

WET

Tot wysiging van—

- *** die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996, ten einde sekere omskrywings te wysig of te skrap;**
- *** die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, ten einde sekere omskrywings te wysig en “lening” te omskryf; voorsiening te maak vir oorlegpleging met die Minister van Finansies voordat eenvormige minimum norme en standaarde bepaal word; te verseker dat geen onbillike diskriminasie ten opsigte van amptelike tale plaasvind nie; vir die oplegging van ’n gepaste sanksie voorsiening te maak indien die Lid van die Uitvoerende Raad ’n appèl van ’n leerder wat deur ’n skool geskors is, handhaaf; vir openbare skole wat onderwys met ’n gespesialiseerde fokus op talent voorsien, voorsiening te maak; vir bykomende funksies van ’n prinsipaal van ’n openbare skool voorsiening te maak; vir die opleiding van beheerliggame deur erkende verenigings vir beheerliggame voorsiening te maak; politieke aktiwiteite tydens skooltyd te verbied; die Lid van die Uitvoerende Raad te magtig om bykomende skole te identifiseer wat nie skoolgeld mag hef nie; en die aanspreeklikheid van die Staat vir sekere skadevergoedings verder te reël;**
- *** die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998, ten einde sekere omskrywings te wysig; en die toepassing van die genoemde Wet opnuut te reël;**
- *** die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, 2000, ten einde sekere omskrywings te wysig; die raad te bemagtig om ’n stelsel vir die bevordering van die voortgesette professionele ontwikkeling van alle opvoeders te bestuur; en om die raad uit geld wat deur die Parlement bewillig is, te befonds; en**
- *** die Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001, ten einde sekere omskrywings te wysig;**

en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 27 van 1996

1. Artikel 1 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996, word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van ‘‘Direkteur-generaal’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘Direkteur-generaal’** die Direkteur-generaal: Basiese Onderwys;’’; 5

(b) by the substitution for the definition of ''education institution'' of the following definition:

'' **'education institution'** means any **[institution providing education, whether early childhood education, primary, secondary, further or higher education, other than a university or technikon, and also an institution providing specialised, vocational, adult, distance or community education]** school contemplated in the South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996);'';

(c) by the substitution for the definition of ''Minister'' of the following definition:

'' **'Minister'** means the Minister of Basic Education;''; and

(d) by the deletion of the definition of ''student''.

Amendment of section 3 of Act 27 of 1996, as amended by section 11 of Act 100 of 1997 and section 4 of Act 48 of 1999

2. Section 3 of the National Education Policy Act, 1996, is hereby amended by the substitution in subsection (4)*(n)* for the words preceding the proviso of the following words:

''control and discipline of **[students]** learners at education institutions''.

Amendment of section 4 of Act 27 of 1996, as amended by section 12 of Act 100 of 1997

3. Section 4 of the National Education Policy Act, 1996, is hereby amended—

(a) by the substitution in paragraph *(a)* for subparagraph (v) of the following subparagraph:

''(v) of every **[student]** learner to be instructed in the language of his or her choice where this is reasonably practicable;''; and

(b) by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* enabling the education system to contribute to the full personal development of each **[student]** learner, and to the moral, social, cultural, political and economic development of the nation at large, including the advancement of democracy, human rights and the peaceful resolution of disputes;''.

Amendment of section 1 of Act 84 of 1996, as amended by section 1 of Act 100 of 1997, section 6 of Act 48 of 1999, section 1 of Act 50 of 2002, section 1 of Act 24 of 2005 and section 4 of Act 31 of 2007

4. Section 1 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended—

(a) by the insertion in subsection (1) after the definition of ''learner'' of the following definition:

'' ***'loan'*** means any financial obligation based on agreement, which obligation renders a *school* liable for making payment, in one or more instalments, in favour of any person, but does not include the payment of staff appointed by the *governing body* in terms of section 20(4) or (5);'';

(b) by the substitution in subsection (1) for the definition of ''Minister'' of the following definition:

'' **'*Minister*'** means the *Minister* of Basic Education;''; and

(c) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the definition of ''parent'' of the following paragraph:

''*(a)* the biological or adoptive *parent* or legal guardian of a *learner*;''.

(b) deur die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'Minister'** die Minister van Basiese Onderwys;";

(c) deur die omskrywing van "onderwysinrigting" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'onderwysinrigting'** enige **[inrigting wat onderwys verskaf, hetsy vroeë kinderonderwys, primêre, sekondêre, verdere of hoër onderwys, behalwe 'n universiteit of technikon, en ook 'n inrigting wat gespesialiseerde, beroeps-, volwassene-, afstands- of gemeenskapsonderrig verskaf]** skool in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), beoog;"; en

(d) deur die omskrywing van "student" te skrap.

Wysiging van artikel 3 van Wet 27 van 1996, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 100 van 1997 en artikel 4 van Wet 48 van 1999

2. Artikel 3 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996, word hierby gewysig deur in subartikel (4)*(n)* die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"die beheer en tug van **[studente]** leerders by onderwysinrigtings".

Wysiging van artikel 4 van Wet 27 van 1996, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 100 van 1997

3. Artikel 4 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996, word hierby gewysig—

(a) deur in paragraaf *(a)* subparagraaf (v) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(v) van elke **[student]** leerder om onderrig te word in die taal van sy of haar keuse waar dit redelikerwys uitvoerbaar is;"; en

(b) deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* die instaatstelling van die onderwysstelsel om tot die volle persoonlike ontwikkeling van elke **[student]** leerder by te dra, en tot die morele, maatskaplike, kulturele, politieke en ekonomiese ontwikkeling van die nasie in die algemeen, met inbegrip van die bevordering van die demokrasie, menseregte en die vreedsame beslegting van geskille;".

Wysiging van artikel 1 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 100 van 1997, artikel 6 van Wet 48 van 1999, artikel 1 van Wet 50 van 2002, artikel 1 van Wet 24 van 2005 en artikel 4 van Wet 31 van 2007

4. Artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) na die omskrywing van "leerder" die volgende omskrywing in te voeg:

" ***'lening'*** enige finansiële verpligting gegrond op 'n ooreenkoms, welke verpligting 'n *skool* aanspreeklik maak om betaling te doen, in een of meer paaiemente, ten gunste van enige persoon, maar sluit dit nie die betaling in van personeel wat ingevolge artikel 20(4) of (5) deur die *beheerliggaam* aangestel is nie;";

(b) deur in subartikel (1) die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

" ***'Minister'*** die *Minister* van Basiese Onderwys;"; en

(c) deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* van die omskrywing van "ouer" deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die **[*ouer*]** biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n *leerder*;".

Amendment of section 5A of Act 84 of 1996, as inserted by section 5 of Act 31 of 2007

5. Section 5A of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''The *Minister* may, after consultation with the Minister of Finance and the *Council of Education Ministers*, by regulation prescribe minimum uniform norms and standards for—''.

Insertion of section 6B in Act 84 of 1996

6. The following section is hereby inserted in the South African Schools Act, 1996, after section 6A:

''**Non-discrimination in respect of official languages**

6B. The *governing body* of a *public school* must ensure that—

(a) there is no unfair discrimination in respect of any official languages that are offered as subject options contemplated in section 21(1)*(b)*; and

(b) the first additional language and any other official language offered, as provided for in the curriculum, are offered on the same level.''.

Amendment of section 9 of Act 84 of 1996, as amended by section 7 of Act 48 of 1999 and section 2 of Act 24 of 2005

7. Section 9 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the addition of the following subsection:

''(11) *(a)* If an appeal in terms of subsection (4) by a *learner* who has been expelled from a *public school* is upheld by the *Member of the Executive Council*, the *Member of the Executive Council* must ensure that a suitable sanction is then imposed on the *learner* within 14 days of the date on which the appeal was upheld.

(b) For the purposes of the imposition of a suitable sanction contemplated in paragraph *(a)*, the provisions of subsections (8) and (9) apply with the changes required by the context.''.

Amendment of section 12 of Act 84 of 1996

8. Section 12 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) *(a)* A *public school* may be—

(i) an ordinary *public school* **[or]**;

(ii) a *public school* for *learners* with special education needs; or

(iii) a *public school* that provides education with a specialised focus on talent, including sport, performing arts or creative arts.

(b) Subject to the relevant provisions of *this Act*, the *Minister* must determine *norms and standards for school funding* and norms and standards for governance and educator provisioning for *public schools* contemplated in paragraph *(a)*(iii).''.

Amendment of section 16A of Act 84 of 1996, as inserted by section 8 of Act 31 of 2007

9. Section 16A of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the deletion in subsection (2) of the word ''and'' at the end of paragraph *(f)*, the insertion in that subsection of the word ''and'' at the end of paragraph *(g)* and the addition to that subsection of the following paragraphs:

''*(h)* assist the *governing body* with the management of the *school's* funds, which assistance must include—

(i) the provision of information relating to any conditions imposed or directions issued by the *Minister*, the *Member of the Executive Council* or the *Head of Department* in respect of all financial matters of the *school* contemplated in Chapter 4; and

Wysiging van artikel 5A van Wet 84 van 1996, soos ingevoeg deur artikel 5 van Wet 31 van 2007

5. Artikel 5A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Die *Minister* kan na oorlegpleging met die Minister van Finansies en die *Raad van Onderwysministers* by regulasie minimum eenvormige norme en standaarde voorskryf vir—''.

Invoeging van artikel 6B in Wet 84 van 1996

6. Die volgende artikel word hierby na artikel 6A in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, ingevoeg:

''**Niediskriminasie ten opsigte van amptelike tale**

6B. Die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* moet verseker dat—

(a) daar geen onbillike diskriminasie is ten opsigte van enige amptelike tale wat as vakkeuses in artikel 21(1)*(b)* beoog, aangebied word nie; en

(b) die eerste bykomende taal en enige ander amptelike taal wat aangebied word, soos in die kurrikulum voorsien, op dieselfde vlak aangebied word.''.

Wysiging van artikel 9 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 48 van 1999 en artikel 2 van Wet 24 van 2005

7. Artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

''(11) *(a)* Indien die *Lid van die Uitvoerende Raad* 'n appèl ingevolge subartikel (4) deur 'n *leerder* wat uit 'n *openbare skool* geskors is, handhaaf, moet die *Lid van die Uitvoerende Raad* toesien dat 'n gepaste sanksie dan aan die *leerder* opgelê word binne 14 dae vanaf die datum waarop die appèl gehandhaaf is.

(b) Vir die doeleindes van die oplegging van 'n gepaste sanksie in paragraaf *(a)* beoog, geld die bepalings van subartikels (8) en (9) met die veranderings deur die samehang vereis.''.

Wysiging van artikel 12 van Wet 84 van 1996

8. Artikel 12 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

''(3) *(a)* 'n *Openbare skool* kan—

(i) 'n gewone *openbare skool* **[of]** wees;

(ii) 'n *openbare skool* vir *leerders* met spesiale onderwysbehoeftes wees; of

(iii) 'n *openbare skool* wees wat onderwys bied met 'n gespesialiseerde fokus op talent, met inbegrip van sport, die uitvoerende kunste of skeppende kunste.

(b) Behoudens die toepaslike bepalings van *hierdie Wet*, moet die *Minister norme en standaarde vir skoolbefondsing* en norme en standaarde vir bestuurs- en opvoedervoorsiening vir *openbare skole* in paragraaf *(a)*(iii) beoog, bepaal.''.

Wysiging van artikel 16A van Wet 84 van 1996, soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 31 van 2007

9. Artikel 16A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woord ''en'' aan die einde van paragraaf *(f)* te skrap, in daardie subartikel aan die einde van paragraaf *(g)* die woord ''en'' in te voeg en die volgende paragrawe by daardie subartikel te voeg:

''*(h)* die *beheerliggaam* bystaan met die bestuur van die *skool* se fondse, welke bystand moet insluit—

(i) die voorsiening van inligting rakende enige voorwaardes opgelê of lasgewings uitgereik deur die *Minister*, die *Lid van die Uitvoerende Raad* of die *Departementshoof* ten opsigte van alle finansiële aangeleenthede van die *skool* soos in Hoofstuk 4 beoog;

(ii) the giving of advice to the *governing body* on the financial implications of decisions relating to the financial matters of the *school*;

(i) take all reasonable steps to prevent any financial maladministration or mismanagement by any staff member or by the *governing body* of the *school*;

(j) be a member of a finance committee or delegation of the *governing body* in order to manage any matter that has financial implications for the *school*; and

(k) report any maladministration or mismanagement of financial matters to the *governing body* of the *school* and to the *Head of Department*.''.

Amendment of section 19 of Act 84 of 1996

10. Section 19 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the addition of the following subsections:

''(3) The *norms and standards for school funding* must include—

(a) criteria for authorising a *governing body* association to perform the functions contemplated in subsection (4);

(b) criteria relating to any financial implications that would be incurred or costs that would have to be paid by the *Head of Department* in relation to the performance of the functions contemplated in subsection (4);

(c) guidelines relating to the nature, content, extent and duration of the functions contemplated in subsection (4); and

(d) criteria for granting a *governing body* an allocation for contribution towards membership of a recognised *governing body* association.

(4) *(a)* The *Head of Department* may request a recognised *governing body* association or other appropriate training authority to train members of a *governing body* of a particular *school* or group of *schools* and to build the capacity contemplated in section 25(4).

(b) For the purposes of paragraph *(a)*, the *Head of Department*—

(i) must enter into an agreement with the *governing body* association;

(ii) must specify the nature, content, extent, duration and financial implications of the training in the agreement contemplated in subparagraph (i); and

(iii) may include a request for the training of members of a *governing body* of a *school* that is not a member of the *governing body* association requested to conduct the training in the agreement contemplated in subparagraph (ii).''.

Insertion of section 33A in Act 84 of 1996

11. The following section is hereby inserted in the South African Schools Act, 1996, after section 33:

''**Prohibition of political activities during school time**

33A. (1) No party-political activities may be conducted at a *school* during *school* time determined by the *governing body* of the *school* in terms of section 20(1)*(f)*.

(2) The party-political activities contemplated in subsection (1) include, but are not limited to—

(a) campaigning;

(b) the conducting of rallies;

(c) the distribution of pamphlets and fliers; and

(d) the hanging or putting up of posters and banners.

(3) A member of a political party may not, for the purposes of conducting party-political activities, encroach on the *school* time.

(4) A *school* may not allow the display of material of a party-political nature on its premises unless such party-political material is related to the curriculum at the *school*.''.

(ii) raad aan die *beheerliggaam* oor die finansiële implikasies van besluite met betrekking tot die finansiële aangeleenthede van die *skool*;

(i) alle redelike stappe doen om enige finansiële wanadministrasie of wanbestuur deur enige personeellid of deur die *skool* se *beheerliggaam* te voorkom;

(j) 'n lid wees van 'n finansiële komitee of afvaardiging van die *beheerliggaam* ten einde 'n aangeleentheid wat finansiële implikasies vir die *skool* inhou, te bestuur; en

(k) enige wanadministrasie of wanbestuur van finansiële aangeleenthede aan die *beheerliggaam* van die *skool* en aan die *Departementshoof* rapporteer.''.

Wysiging van artikel 19 van Wet 84 van 1996

10. Artikel 19 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

''(3) Die *norme en standaarde vir skoolbefondsing* moet—

(a) maatstawwe insluit om 'n vereniging vir *beheerliggame* te magtig om die werksaamhede in subartikel (4) beoog te verrig;

(b) maatstawwe insluit betreffende enige finansiële implikasies wat aangegaan mag word of kostes wat deur die *Departementshoof* betaal sal moet word in verband met die verrigting van die werksaamhede in subartikel (4) beoog;

(c) riglyne insluit betreffende die aard, inhoud, omvang en duur van die werksaamhede in subartikel (4) beoog; en

(d) maatstawwe insluit vir die toestaan van 'n toewysing aan 'n *beheerliggaam* vir bydrae ten opsigte van lidmaatskap van 'n erkende vereniging vir *beheerliggame*.

(4) *(a)* Die *Departementshoof* kan 'n erkende vereniging vir *beheerliggame* of ander gepaste opleidingsgesag versoek om lede van 'n *beheerliggaam* van 'n bepaalde *skool* of groep *skole* op te lei en die kapasiteit in artikel 25(4) beoog, uit te bou.

(b) By die toepassing van paragraaf *(a)*—

(i) moet die *Departementshoof* 'n ooreenkoms met die vereniging vir *beheerliggame* aangaan;

(ii) moet die *Departementshoof* die aard, inhoud, omvang, duur en finansiële implikasies van die opleiding in die ooreenkoms in subparagraaf (i) beoog, vermeld; en

(iii) kan die *Departementshoof* 'n versoek insluit vir die opleiding van lede van 'n *beheerliggaam* van 'n *skool* wat nie 'n lid is nie van die vereniging vir *beheerliggame* wat versoek is om die opleiding in die ooreenkoms in subparagraaf (ii) beoog, aan te bied.''.

Invoeging van artikel 33A in Wet 84 van 1996

11. Die volgende artikel word hierby in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, na artikel 33 ingevoeg:

''**Verbod op politieke aktiwiteite tydens skooltyd**

33A. (1) Geen partypolitieke aktiwiteite mag tydens skooltyd wat ingevolge artikel 20(1)*(f)* deur die *beheerraad* van die *skool* bepaal word, by 'n *skool* plaasvind nie.

(2) Die partypolitieke aktiwiteite in subartikel (1) beoog, sluit in, maar is nie beperk nie tot—

(a) veldtogvoering;

(b) die hou van byeenkomste;

(c) die verspreiding van pamflette en strooibiljette; en

(d) die hang of opsit van plakkate en baniere.

(3) 'n Lid van 'n politieke party mag nie, met die doel om partypolitieke aktiwiteite te bedryf, inbreuk maak op die skooltyd nie.

(4) 'n *Skool* mag nie die vertoon van materiaal van 'n partypolitieke aard op die *skool* se gronde toelaat tensy sodanige partypolitieke materiaal verband hou met die kurrikulum by die *skool* nie.''.

Amendment of section 36 of Act 84 of 1996, as amended by section 5 of Act 57 of 2001

12. Section 36 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the addition of the following subsections:

"(4) *(a)* A *governing body* may, with the approval of the *Member of the Executive Council*—

(i) lease, burden, convert or alter immovable property of the *school* to provide for *school activities* or to supplement the *school* fund of that *school*; and

(ii) allow any person to conduct any business on *school* property to supplement the *school* fund.

(b) A *governing body* may not allow any activity on *school* property that is hazardous or disruptive to *learners* or prohibited by *this Act*.

(5) For the purposes of subsection (4), '*school* property' means immovable property owned by the State, including property contemplated in sections 13 and 55 and any immovable property bought by a *school* from the *school* funds or donations to the *school*.".

Amendment of section 39 of Act 84 of 1996, as amended by section 4 of Act 24 of 2005

13. Section 39 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the addition of the following subsections:

"(13) Subject to subsection (7), the *Member of the Executive Council* may, after consultation with the relevant *governing bodies*, annually by notice in the Provincial Gazette identify additional *public schools* within his or her province that, although they have not been included in the list of *schools* contemplated in subsection (10)*(c)*, may not charge *school fees*.

(14) The *schools* contemplated in subsection (13) must be the *schools* that have been ranked as the poorest *schools* in that province falling outside the list of *schools* contemplated in subsection (10)*(c)*.

(15) The *Member of the Executive Council* may act in terms of subsection (13) only if sufficient funding has been secured in the province to fund *learners* in the *schools* affected by such action.

(16) For the purposes of subsection (15), 'sufficient funding' means funding that is not less than the *no fee threshold.*".

Amendment of section 60 of Act 84 of 1996, as amended by section 14 of Act 48 of 1999 and section 12 of Act 31 of 2007

14. Section 60 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* Subject to paragraph *(b)*, the State is liable for any delictual or contractual damage or loss caused as a result of any act or omission in connection with any school activity conducted by a public school and for which such public school would have been liable but for the provisions of this section.".

Amendment of section 1 of Act 76 of 1998, as amended by section 6 of Act 53 of 2000 and section 58 of Act 16 of 2006

15. Section 1 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of "departmental office" of the following definition:

" **'departmental office'** means any office or institution controlled or administered by the Department of Basic Education or any provincial department of education, but does not include any public school **[or adult basic education centre]**;";

Wysiging van artikel 36 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 57 van 2001

12. Artikel 36 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(4) *(a)* 'n *Beheerliggaam* kan, met die goedkeuring van die *Lid van die Uitvoerende Raad*—

(i) die vaste eiendom van 'n *skool* uithuur, beswaar, omskep of verander om vir *skoolaktiwiteite* voorsiening te maak of om die skoolfonds van daardie *skool* aan te vul; en

(ii) enige persoon toelaat om enige besigheid op die skooleiendom te doen om die skoolfonds aan te vul.

(b) 'n *Beheerliggaam* mag nie enige aktiwiteite op skooleiendom toelaat wat gevaarlik of ontwrigtend vir *leerders* is of deur *hierdie Wet* verbied word nie.

(5) By die toepassing van subartikel (4) beteken 'skooleiendom' vaste eiendom wat aan die Staat behoort, met inbegrip van eiendom in artikels 13 en 55 beoog en enige vaste eiendom wat 'n *skool* met skoolfondse of skenkings aan die *skool* gekoop het.".

Wysiging van artikel 39 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 24 van 2005

13. Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(13) Behoudens subartikel (7), kan die *Lid van die Uitvoerende Raad*, na oorlegpleging met die toepaslike *beheerliggame*, jaarliks by kennisgewing in die Provinsiale Koerant bykomende *openbare skole* in sy of haar provinsie identifiseer wat, hoewel hulle nie op die lys van *skole* in subartikel (10)*(c)* beoog verskyn nie, nie *skoolgeld* mag hef nie.

(14) Die *skole* in subartikel (13) beoog moet die *skole* wees wat as die armste *skole* in daardie provinsie beskou word wat nie op die lys van *skole* in subartikel (10)*(c)* beoog, verskyn nie.

(15) Die *Lid van die Uitvoerende Raad* kan slegs ingevolge subartikel (13) optree indien voldoende finansiering in die provinsie verkry is om *leerders* in die *skole* wat deur sodanige aksie geraak word, te finansier.

(16) By die toepassing van subartikel (15) beteken 'voldoende finansiering' finansiering wat nie minder as die *geen skoolgelde drempel* is nie.".

Wysiging van artikel 60 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 48 van 1999 en artikel 12 van Wet 31 van 2007

14. Artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Behoudens paragraaf *(b)* is die Staat aanspreeklik vir enige deliktuele of kontraktuele skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 76 van 1998, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 53 van 2000 en artikel 58 van Wet 16 van 2006

15. Artikel 1 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van "departementele kantoor" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'departementele kantoor'** 'n kantoor of instelling wat deur die Departement van Basiese Onderwys of 'n provinsiale departement van onderwys beheer of geadministreer word, maar nie ook 'n openbare skool**[, inrigting vir verdere onderwys en opleiding of sentrum vir basiese onderwys vir volwassenes]** nie;";

(b) by the substitution for the definition of ''Department of Education'' of the following definition:

" **'Department of Basic Education'** means the department established in terms of section 7(2), read with Schedule 1, of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), responsible for basic education at national level;'';

(c) by the substitution for the definition of ''Director-General'' of the following definition:

" **'Director-General'** means the Director-General: Basic Education;'';

(d) by the substitution for paragraph *(a)* of the definition of ''employer'' of the following paragraph:

''*(a)* an educator in the service of the Department of Basic Education, means the Director-General;''; and

(e) by the substitution for the definition of ''Minister'' of the following definition:

" **'Minister'** means the Minister of Basic Education;''.

Substitution of section 2 of Act 76 of 1998, as amended by section 58 of Act 16 of 2006

16. The following section is hereby substituted for section 2 of the Employment of Educators Act, 1998:

''**Application of Act**

2. This Act applies in respect of the employment of educators at—

(a) public schools; and

(b) departmental offices.''.

Substitution of certain expressions in Act 76 of 1998

17. The Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended—

(a) by the substitution for the expression ''Department of Education'', wherever it occurs, of the expression ''Department of Basic Education''; and

(b) by the substitution for the expression ''adult basic education and training'', wherever it occurs, of the expression '' adult education and training''.

Amendment of section 1 of Act 31 of 2000, as amended by section 19 of Act 31 of 2007

18. Section 1 of the South African Council for Educators Act, 2000, is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of ''institution'' of the following definition:

" **'institution'** means any school**[, further education and training institution or adult learning centre]** contemplated in the South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996);''; and

(b) by the substitution for the definition of ''Minister'' of the following definition:

" **'Minister'** means the Minister of Basic Education;''.

Amendment of section 5 of Act 31 of 2000

19. Section 5 of the South African Council for Educators Act, 2000, is hereby amended by the substitution in paragraph *(b)* for subparagraph (iv) of the following subparagraph:

''(iv) must manage a system for the promotion of the continuing professional development of all educators;''.

(b) deur die omskrywing van ‘‘Departement van Onderwys’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘Departement van Basiese Onderwys’** die departement ingestel ingevolge artikel 7(2) saamgelees met Bylae 1 by die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), verantwoordelik vir basiese onderwys op nasionale vlak;’’;

(c) deur die omskrywing van ‘‘Direkteur-generaal’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘Direkteur-generaal’** die Direkteur-generaal: Basiese Onderwys;’’;

(d) deur die omskrywing van ‘‘Minister’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘Minister’** die Minister van Basiese Onderwys;’’; en

(e) deur paragraaf *(a)* van die omskrywing van ‘‘werkgewer’’ deur die volgende paragraaf te vervang:

‘‘*(a)* ’n opvoeder in die diens van die Departement van Basiese Onderwys, die Direkteur-generaal;’’.

Vervanging van artikel 2 van Wet 76 van 1998, soos gewysig deur artikel 58 van Wet 16 van 2006

16. Artikel 2 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby deur die volgende artikel vervang:

‘‘**Toepassing van Wet**

2. Hierdie Wet is van toepassing ten opsigte van die indiensneming van opvoeders by—

(a) openbare skole; en

(b) departementele kantore.’’.

Vervanging van sekere uitdrukkings in Wet 76 van 1998

17. Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig—

(a) deur die uitdrukking ‘‘Departement van Onderwys’’, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ‘‘Departement van Basiese Onderwys’’ te vervang; en

(b) deur die uitdrukking ‘‘basiese onderwys en opleiding vir volwassenes’’, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking ‘‘onderwys en opleiding vir volwassenes’’ te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Wet 31 van 2000, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 31 van 2007

18. Artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, 2000, word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van ‘‘inrigting’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘inrigting’** ’n skool**[, inrigting vir verdere onderwys en opleiding of sentrum vir onderrig vir volwassenes]** in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), beoog;’’; en

(b) deur die omskrywing van ‘‘Minister’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘Minister’** die Minister van Basiese Onderwys;’’.

Wysiging van artikel 5 van Wet 31 van 2000

19. Artikel 5 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, 2000, word hierby gewysig deur in paragraaf *(b)* subparagraaf (iv) deur die volgende subparagraaf te vervang:

‘‘(iv) moet die raad ’n stelsel vir die bevordering van die voortgesette ontwikkeling van alle opvoeders bestuur;’’.

Amendment of section 19 of Act 31 of 2000

20. Section 19 of the South African Council for Educators Act, 2000, is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a*A) money appropriated by Parliament;''.

Amendment of section 1 of Act 58 of 2001, as amended by section 8 of Act 1 of 2004 and section 2 of Act 50 of 2008

21. Section 1 of the General and Further Education and Training Quality Assurance Act, 2001, is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of ''department of education'' of the following definition:

'' **'department of education'** means—

(a) the **[department]** Department of Basic Education, which is responsible for school education at national level **[or]**;

(b) a department responsible for school education in a province; or

(c) the Department of Higher Education and Training, which is responsible for further education and training colleges and adult education and training centres at national level;'';

(b) by the substitution for the definition of ''Director-General'' of the following definition:

'' **'Director-General'**, in respect of functions relating to—

(a) school education, means the Director-General **[of the department responsible for education at national level]**: Basic Education; and

(b) further education and training colleges and adult education and training centres, means the Director-General: Higher Education and Training;''; and

(c) by the substitution for the definition of ''Minister'' of the following definition:

'' **'Minister'**, in respect of functions relating to—

(a) school education, means the Minister of Basic Education; and

(b) further education and training colleges and adult education and training centres, means the Minister of Higher Education and Training;''.

Saving

22. The provisions of this Act must not be construed as limiting, amending, repealing or otherwise altering the administration and powers and functions entrusted by the legislation identified in item 1.7 of the Schedule to Proclamation No. 44 of 2009, published in *Government Gazette* No. 32367 of 1 July 2009, to the Minister of Higher Education and Training insofar as the administration and powers and functions pertain to further education and training colleges and adult education and training centres.

Short title

23. This Act is called the Basic Education Laws Amendment Act, 2011.

Wysiging van artikel 19 van Wet 31 van 2000

20. Artikel 19 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die volgende paragraaf na paragraaf *(a)* in te voeg:

''*(a*A*)* geld deur die Parlement bewillig;''.

Wysiging van artikel 1 van Wet 58 van 2001, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 1 van 2004 en artikel 2 van Wet 50 van 2008

21. Artikel 1 van die Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001, word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van ''departement van onderwys'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'departement van onderwys'**—

(a) die **[departement]** Departement van Basiese Onderwys, wat verantwoordelik is vir **[onderwys]** skoolonderwys op nasionale vlak**[of]**;

(b) 'n departement verantwoordelik vir **[onderwys]** skoolonderwys in 'n provinsie; of

(c) die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, wat verantwoordelik is vir kolleges van verdere onderwys en opleiding en sentrums vir onderwys en opleiding vir volwassenes op nasionale vlak;'';

(b) deur die omskrywing van ''Direkteur-generaal'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'Direkteur-generaal'**, ten opsigte van werksaamhede wat verband hou met—

(a) skoolonderwys, die Direkteur-generaal**[van die departement verantwoordelik vir onderwys op nasionale vlak]**: Basiese Onderwys; en

(b) kolleges van verdere onderwys en opleiding en sentrums vir onderwys en opleiding vir volwassenes, die Direkteur-generaal: Hoër Onderwys en Opleiding;''; en

(c) deur die omskrywing van ''Minister'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'Minister'**, ten opsigte van werksaamhede wat verband hou met—

(a) skoolonderwys, die Minister van Basiese Onderwys; en

(b) kolleges van verdere onderwys en opleiding en sentrums vir onderwys en opleiding van volwassenes, die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding;''.

Voorbehoud

22. Die bepalings van hierdie Wet moet nie so uitgelê word dat dit die bevoegdhede en funksies wat deur die wetgewing geïdentifiseer in item 1.7 van die Bylae by Proklamasie No. 44 van 2009, in *Staatskoerant* No. 32367 van 1 Julie 2009 gepubliseer, aan die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding toegeken word beperk, wysig of andersins verander nie in soverre as wat die administrasie en magte en funksies betrekking het op kolleges van verdere onderwys en opleiding en sentrums vir onderwys en opleiding vir volwassenes.

Kort titel

23. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, 2011.